

## Ek kom gou! Elkeen wat dors het, moet kom! (OP32)

### Openbaring 22:6-21

14 Maart 2021

Laasweek het ons begin om na die slotgedeelte van die boek Openbaring te kyk. Vandag wil ek hiermee voortgaan. Dit is egter ook die laaste keer wat ons by die boek Openbaring stilstaan. Ek vertrou dat dit 'n sinvolle studie was. Dit was vir my 'n groot voorreg om soveel tyd in hierdie boek te kon spandeer.

Laasweek het ons gesien hoe Johannes verseker is dat die woorde van die boek betroubaar en waar is. Ons het teruggedink aan die inhoud van die boek, en moes opnuut besef die inhoud van hierdie boek is baie nuttig vir die kerk om die regte perspektief te hê op God se plan, die kerk se verantwoordelikheid en die gebeure in die wêreld. Verder was dit duidelik dat Jesus die kerk oproep om die woorde van hierdie boek ter harte te neem, en ons het ook kortliks die opmerking gemaak dat dit belangrik is dat die woorde van hierdie boek nie geheim gehou moet word nie.

Vandag wil ek die volgende vraag hanteer: Wat is die oorkoepelende boodskap van die boek Openbaring? En wat is die implikasies hiervan?

Oorkoepelende boodskap: Ek kom gou (v7,12,20)

Soos wat tipies is in enige boek, sou 'n mens verwag dat die oorkoepelende boodskap van die boek in sy slot aandag sal kry. Soos ons laasweek gesien het, is Op 22:6-21 die afsluiting van die boek. Soos wat jy deur hierdie slot gedeelte lees, is daar een woord wat jou talle male tref: Kom! Hierdie woord kom 7 keer in hierdie verse voor. En elke keer wat dit gebruik word, word dit geassosieer met 'n uitroepteken. Lees v 7, 12, 17 en 20. Drie keer is dit Jesus self wat praat. En elke keer sê Jesus: "Kyk, Ek kom gou", of "Ja, Ek kom gou!" Dit moet die oorkoepelende boodskap van die boek wees: dat Jesus seker wil maak ons weet dat Hy gou gaan kom.

Wat van die opening van die boek – is dit daar ook duidelik dat dit die oorkoepelende boodskap is? Lees Op 1:7. Die NAV het 'n opskrif bo hierdie vers wat sê: "Tema van die boek", en dan beskryf die vers die feit dat Jesus weer sal kom, en dat al die mense Hom sal sien – selfs die mense wat Hom deurboor het. En die wat Hom nie wou erken nie, sal dan weeklaag. Kan ek ook net die opmerking maak, dat beide die NIV en die ESV vertaal Sy koms met: "He is coming" – m.a.w. dit is iets wat reeds aan die gebeur is – Hy is reeds besig om te kom, maar natuurlik is die afhandeling van Sy koms Sy finale koms, Sy tweede koms.

Wat van die res van die boek – onderstreep dit ook die koms van Jesus as die oorkoepelende boodskap? Tydens ons bestudering van die boek, het ons gesien die boek bestaan uit sewe onderafdelings. Elkeen van daardie sewe onderafdelings het afgesluit met 'n beskrywing van die wederkoms van Jesus wat gepaard gaan met die finale oordeel. Ja, in die eerste onderafdelings was daar relatief min inligting, maar soos wat ons gevorder het na die einde toe, het die detail al hoe meer en duideliker geword. God en Jesus wil hê ons moet duidelik verstaan: Jesus kom gou!

Die term "gou" is vir sommiges problematies. Die feit van die saak is dat dit nou al rofweg 2000 jaar is sedert Johannes die visioe wat in Openbaring beskryf word, gesien het – en nog steeds het Jesus nie gekom nie. Is dit werklik "gou"? Daar is die sogenaamde preteristiese interpretasie van Openbaring, wat baie klem lê op hierdie woordjie "gou", asook op die "dinge wat binnekort moet gebeur", waarna ons laasweek gekyk het (sien vers 6). Volgens hierdie interpretasie beskryf die boek Openbaring nie soseer Jesus se tweede koms nie, maar eerder die val van Jerusalem in 70 nC.

Ondersteuners van hierdie interpretasie is oortuig dat Openbaring iewers in die 60's nC geskryf is, en dat dit grotendeels vervul is met die val van Jerusalem enkele jare later in 70 nC. Volgens hulle gee dit beter erkenning aan die feit dat die dinge binnekort moet gebeur, of dat Jesus gou sal kom. Weereens, wil ek nie hier in 'n gedetailleerde debat oor preterisme verval nie. Kan ek maar net die opmerking maak: ek vind dit nogal vreemd dat as die val van Jerusalem so 'n wentelpunt in die openbaringsgeskiedenis is as wat preteriste beweer, hoekom die val van Jerusalem nie in die Bybel beskryf word nie. Die boek Handelingse se beskrywing van die geskiedenis stop kort voor die val van Jerusalem. Hoekom gaan dit nie bietjie verder om ook hierdie groot gebeurtenis te beskrywe nie? Ek laat dit daar.

Maar dit laat steeds die vraag: Hoe moet ons hierdie woordjie "gou" verstaan? Kan ek enkele opmerkings hieroor maak:

- Ek het in vorige preke ook hierna verwys, maar kom ek herhaal dit kortliks. Ons moet God se volledige plan in gedagte hou: Dit begin met die skepping, God se werksverbond met die mens, daarna die sondeval, dan die aankondiging van die Verlosser wat sal kom en die begin van die genadeverbond, die Ou Testament wat die koms van die Verlosser en die uitwerk van die genadeverbond in al meer detail uitwerk, eventueel kom Jesus as die Verlosser, die genadeverbond bereik 'n hoogtepunt in die realisering van die nuwe verbond, Jesus sterf in die plek van sondaars, Hy oorwin die duiwel en die dood, Hy vaar op en gaan sit in 'n posisie van absolute gesag in die hemel, en kort daarna word die Heilige Gees uitgestort. Dan volg die vestiging van die kerk. Al hierdie aspekte van God se plan het reeds gebeur. Al wat uitstaande is, is dat die ware kerk voltallig moet word, en dan kom Jesus om te oordeel. Met die oopmaak van die vyfde seël vra die afgestorwe gelowiges wanneer gaan dit gebeur – en dan word daar vir hulle gesê: Net nog 'n klein rukkjie! Dit is in hierdie lig dat ons die "gou" moet verstaan. God se plan het al ver gevorder: dit is net nog die vol word van die getal van die uitverkorenes wat moet afgehandel word, dan kom Jesus. Al die ander stappe is afgehandel. Ons is amper daar. Hy kom gou. Ek het netnou toe ons Op 1:7 gelees het, gesê die NIV en ESV vertaal dit met "He is coming". Wat op die oomblik gebeur, is reeds deel van Jesus se koms. Soos wat ons om ons raaksien dat die profesieë in Openbaring in vervulling gaan, sien ons as't ware die koms van Jesus besig om te realiseer.
- Beale skryf in sy kommentaar daar is nog iets wat ons moet onthou. In Op 16:15 sê Jesus Hy gaan onverwags kom soos 'n dief. Mat 24:36-44 beskryf ook dat die koms van die Seun van die mens onverwags gaan wees. Mense sal aangaan met hulle gewone lewens, soos destyds in die tyd van Noag. En dan skielik, onverwags, kom Jesus. Volgens Beale kan dit ook die inhoud van die woordjie "gou" wees. Mense gaan dink dit gaan nog lank wees, en dan skielik, onverwags, gou, kom Jesus. Dit is ook so dat hoe langer dit duur vir Jesus om te kom, hoe minder verwag mense dit, en hoe meer gerus raak hulle dat dit dalk selfs nooit sal gebeur nie. Gaan lees maar weer Tessalonisense waar dit spesifiek 'n saak is wat Paulus aanspreek. Ons weet doodeenvoudig nie wanneer Jesus gaan kom nie, daarom moet ons altyd gereed wees, asof Hy gou gaan kom.
- Ek dink ook ons moet verstaan dat daar vele gebeure in die loop van die wêreldgeskiedenis is wat in 'n sekere sin gesien kan word as 'n koms van Jesus. Kyk na Op 2:5. Hier waarsku Jesus die gemeente in Efese dat hulle besig is om agteruit te gaan. Hy roep hulle op om hulle dringend te bekeer, anders sal Hy kom en hulle lamp van sy plek wegneem. Dit is 'n manier vir Jesus om te "kom", as Hy 'n gemeente kom oordeel, selfs voor die finale oordeel. Ek gee preteriste gelyk dat 'n gebeurtenis soos die val van Jerusalem 'n voorbeeld is van so 'n "koms" van Jesus. Ander voorbeelde is die wêreldoorloë, en selfs gebeure soos die covid19 pandemie. Maar laat ek ook direk byvoeg, hierdie gebeure is alles waarskuwings oor die

finale koms van Jesus aan die einde van die tyd. En as ons hier in die slotgedeelte van Openbaring lees “Ek kom gou”, het Jesus veral Sy finale koms in gedagte.

Dat ons spesifiek Jesus se finale koms in gedagte moet hê, word onderstreep deur hoe Jesus beskryf word in hierdie slotgedeelte. In vers 13 word Hy beskryf as die Alfa en Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde. Hy is die Een deur wie God geskep het aan die begin, Hy is ook die Een deur wie God herskep aan die Einde, met Sy tweede koms. In vers 16 word Hy beskryf as die Afstammeling en Nakomeling van Dawid (NAV), oftewel die wortel en geslag van Dawid (OAV). Duidelik is Hy die Een uit die nageslag van Dawid wat vir ewig gaan heers. Ja, Hy heers al sedert Sy eerste koms, maar dit is juis met Sy tweede finale koms wat Hy vanuit ‘n posisie van gesag gaan oordeel. Vers 16 beskryf Hom ook as die helder Morester. Dit is tog die morester wat die aanbreek van ‘n nuwe dag aankondig. Met Sy eerste koms het die koms van die nuwe dag begin deurdat Hy verlossing bewerk het, maar dit is juis met Sy tweede en finale koms dat hierdie nuwe dag van verlossing in al sy glorie aanbreek. Die oorkoepelende boodskap van Openbaring is: Jesus kom gou!

Hoekom word daar soveel klem geplaas op: Ek kom gou!

Hoekom was dit vir God belangrik om juis hierdie oorkoepelende boodskap in Openbaring aan die mensdom te gee? Hierdie slotgedeelte van die boek werp ook lig hierop.

In vers 7, waar Jesus die eerste keer sê “Ek kom gou”, word die stelling direk gevolg deur die oproep dat die kerk die woorde van hierdie boek ter harte moet neem, en in vers 10 dat die woorde van die boek nie geheim gehou moet word nie – daarna het ons laasweek gekyk.

Direk na Jesus die tweede keer sê “Ek kom gou” in vers 12, gaan Jesus voort deur by te voeg dat Hy, wanneer Hy kom, die loon saambring om elkeen te vergoed vir wat hy gedoen het. As jy vers 14-15 lees, sien jy wat hierdie loon behels wat Jesus gaan saambring. Daar is twee tipes loon.

Aan die een kant is daar sommige mense wat deur die poorte in die stad, die nuwe Jerusalem, mag ingaan, en daar mag hulle eet van die boom van die lewe. Wie is die mense wat mag uitsien om hierdie loon te ontvang? Wel, dit is die mense wat hulle klere was, volgens die NAV. Die NIV en ESV vertaal dit ook so, terwyl die OAV dit vertaal met die wat die gebooi hou. Dit hang af van watter grondmanuskrip gebruik word deur die spesifieke vertaling. Maar die betekenis kom op dieselfde neer: dit is tog die gelowiges wat hulle klere was, in die bloed van die Lam. Die gewaste klere word in Op 19 beskryf as die regverdige dade van die gelowiges, wat ook hulle bruidsklere is. Regverdige dade is tog dade wat in lyn met God se gebooi is.

Vers 15 beskryf die ander loon wat Jesus saambring: Buitekant! Sommige mense gaan nie deel van die stad wees nie, hulle gaan buitekant wees. Ons het herhaalde male gesien hoedat die ongelowiges die verwagting moet hê om vir ewig buite die stad te wees, in die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood (Op 21:8). Vers 15 beskryf hierdie mense as die dwaalleraars, die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal wat valsheid liefhet en doen. Al met al, is dit al die ongelowiges.

Vers 11 beskryf ook vir ons hierdie twee groepe mense. Aan die een kant is daar die wat kwaad doen en wat vuil is – hulle moet aanhou kwaad doen en vuil bly. Aan die ander kant is daar die wat reg doen en wat heilig is – hulle moet aanhou reg doen en heilig bly. Let op: die wat vuil is, doen kwaad. Die wat heilig is, doen reg. Wat jy is, bepaal jou optrede – as jy vuil is, doen jy kwaad, en as jy heilig is, doen jy reg. Kyk dus na jou dade as jy wil weet of jy vuil of heilig is.

Dit klink ietwat vreemd as ons hier lees dat die wat vuil is en kwaad doen, moet vuil bly en aanhou kwaad doen. Moet hulle nie eerder opgeroep word om hulle te bekeer nie? Natuurlik moet hulle

opgeroep word tot bekering. Maar wat ons moet onthou is dat daar mense is wat hulle nooit gaan bekeer nie. Dink maar terug aan die Farao in Egipte – hy het hom telkens verhard, trouens ons lees selfs dat God sy hart verhard het. Lees Mat 13:10-17. Hier verduidelik Jesus daar is mense wie se verstand afgestomp is, hulle hoor, maar verstaan nie, hulle kyk, maar sien nie. Hierdie mense is vuil en doen kwaad. Omdat hulle nie verstaan, hoor of sien nie, daarom bly hulle vuil, en hou hulle aan om kwaad te doen. En dit is hulle wat buitekant in die poel van vuur gaan beland.

Onthou verder Jesus se oproep in elk van die sewe briewe: Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

Verstaan jy hoekom daar soveel klem geplaas word op die komende tweede koms van Jesus? Want dit gaan gepaard met die finale oordeel. Dit gaan gepaard met die bring van die loon. Die wat dan vuil is en kwaad doen, hulle eindig buitekant, maar die wat heilig is en reg doen, hulle eindig in die stad en mag eet van die boom van die lewe. En Jesus se punt is: wees gereed, want hierdie dag gaan skielik kom. En wanneer die dag kom, moet jy alreeds gereed wees.

Wat is die implikasie vir die kerk? Laasweek het ons gesien die kerk moet Openbaring ter harte neem, veral dat Jesus gou/onverwags gaan kom, en dat Hy dan die loon saambring. Maar hulle moet ook nie die woorde van die boek geheim hou nie. Ja, hulle moet hulleself ernstig ondersoek of hulle gereed is. Maar hulle verantwoordelikheid gaan verder.

Lees vers 17. Die Gees is die Heilige Gees, en die bruid is die ware gelowiges. Hulle moet roep: Kom! En elkeen wat dit hoor, m.a.w. elkeen wat hierdie “Kom!” oproep van die bruid hoor, moet sekerlik kom. Onthou jy daardie stelling in die briewe “Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê”. Wel die Gees sê, saam met die bruid, “Kom!” So, hulle moet nou dringend kom – want Jesus is op pad – Hy kom gou. En die einde van vers 17 sê dat hulle van die water van die lewe moet kom kry, verniet. Maar daar is meer wat van hulle verwag word: Hulle moet nie net kom nie, hulle moet op hulle beurt ook weer roep: “Kom!”

Daar is ook die moontlikheid dat die “Kom” oproep van die Gees en die bruid nie verwys na die oproep aan mense om hulle te bekeer en te kom nie, maar eerder dat dit ‘n oproep is wat aan Jesus gerig is dat Hy werklik gou moet kom. Alhoewel ons netnou sal sien dat so ‘n oproep nie onvanpas is nie, lyk dit uit die laaste gedeelte van die vers waar daar gepraat word van elkeen wat dars het, wat moet kom om verniet te kry van die water van die lewe, dat die bedoeling van hierdie vers eerder is om ander mense op te roep om te kom. Duidelik moet die woorde van hierdie boek nie geheim gehou word nie!

In vers 20 roep Jesus die derde keer uit: “Ja, Ek kom gou!” Hierdie keer word dit opgevolg met Johannes wat roep: “Amen! Kom, Here Jesus!” Hier is daar wel ‘n oproep van Jesus gerig aan Jesus dat Hy tog werklik moet kom. Nou, dit mag vir ons ietwat vreemd, selfs voorbarig, klink vir Johannes om te roep “Kom, Here Jesus”. Onthou egter: Gelowiges is medewerkers in die uitwerk van God se plan. Toe ons ‘n paar maande gelede oor die Onse Vader gepraat het, het ons spesifiek daarop gelet dat dit wat ons leer ons voor moet bid in die Onse Vader, is tot ‘n groot mate die uitwerk van God se plan. Hier het Jesus sopas drie maal gesê Hy kom gou, Johannes kan dus seker wees dit is God se plan, en daarom kan hy uitroep “Kom, Here Jesus!”

En dan sluit die boek af met die seëngroet.

### Afsluiting

Ek sluit af deur ‘n paar vrae te vra:

- Neem jy die inhoud van die boek Openbaring werklik ter harte?
- Is jy oortuig Jesus is op die punt om te kom? Is jy oortuig wanneer Hy kom, is dit die einde van die wêreld soos wat ons dit tans ken? Is jy oortuig wanneer Hy kom bring Hy die loon saam – en daardie loon is of ‘n plek buitekant in die poel van vuur, of ‘n plek binnekant die stad, waar jy mag eet en drink van die boom en die water van die lewe?
- Wanneer laas het jy doelbewus met aandag gedink oor die wederkoms en dat dit enige dag onverwags kan kom? Wanneer laas het jy jousef eerlik afgevra of jy gereed is vir daardie dag? Let op, die vraag is nie of jy weet daardie dag kom nie. Die vraag is: Het jy jousef, persoonlik, afgevra of jy gereed is? As jou antwoord was: Ja, ek is gereed – wat het jou oortuig? Onthou, Jesus sê mense wat deel van die stad word, se klere moet gewas wees. Hulle moet heilig wees en doen wat reg is. Kan jy met integriteit voor God uit jou lewe wys hoe jy besig is om te groei in heiligheid en reg doen?
- Vir almal wat oortuig is hulle het reeds gehoor, hulle het reeds tot geloof gekom, hulle is besig om te groei in heiligheid – die vraag aan julle is: Wanneer laas het jy vir ander mense geroep: “Kom!”? Wanneer laas het jy doelbewus moeite gedoen om iemand te roep? Ja, ons lewens moet getuienis wees, maar ons moet ook doelbewus roep. Roep jy? Gemeentes verklaar maklik dat hulle as Geesvervulde dissipels mense vir God wil wen, maar bewys hulle werke dit? Hoe lyk die roep wat van jou gemeente uitgaan na die wêreld? Is dit ‘n saak wat gereeld, ernstig en doelgerig aandag kry? Of is dit afwesig, of bloot enkele individue wat hulle hieraan steur?

As God Sy openbaring in die boek Openbaring, en ook in Sy spesifieke openbaring in die Bybel aan die mensdom afsluit, is die laaste saak wat Hy dubbel en dwars onderstreep: Onthou, Jesus kom gou! En dan bring Hy die loon saam. Maak seker julle is gereed. Maak seker ander mense rondom julle is ook gewaarsku.